

1. Lief en Leed – Deel julle lief en leed met mekaar, met die oog op gebed en bemoediging van mekaar.

2. Ingenooi in God se rus en tyd – Raak doelbewus rustig in God se teenwoordigheid. Ervaar die saamwees in sy teenwoordigheid, en bid saam vir die hoor van sy stem uit die Woord.

3. Luister na God se Woord – Lees 1 Korintiërs 1:1-9. Lees die inleiding tot die boek 1 Korintiërs ook, net om 'n buitelyne te kry, van die situasie waarin die gemeente van Korinte hulleself bevind het. Watter drie punte staan die meeste vir jou uit? Deel dit met jou groep. (Dis belangrik om na mekaar se idees te luister, ons leer verskriklik baie van ander, dit verryk ons.)

4. Luister na mekaar en die wêreld – Bespreek nou saam 5 dinge vanuit hierdie teks:

- Wat wou Paulus hier oordra aan die gemeente?
- Wat was die situasie van die Korinte hier?
- Verkeer ons, as gemeente, ons soms in hierdie selfde posisie?
- Watter belofte ontvang ons van God in hierdie teks?
- Hoe lyk so 'n verhouding met God?

5. Luister nou weer na die Woord – Die geloofsgemeenskap van Korinte was deur Paulus gevestig. Hulle het hulle hele hart aan God gegee, en hulle lewens volgens Sy Woord begin inrig. Paulus was so trots op hierdie gemeente, en so bevange deur God se eindelose seën en genade, dat hy God geprys het vir hierdie gemeente. Dit was 'n groot oorwinning vir die koninkryk van God. Paulus wou graag hierdie gemeente aan God opdra, en in gebed die Here vra om altyd hulle te lei, hulle te help sterk staan, en Hom vir hulle te dank. God bring vandag nog mense so bymekaar, en seën hulle in oorvloed.

Hierdie gemeenskap se fondasie in die geloof was baie sterk, ongeag van al hulle problematiek. God het steeds geloof in hulle gehad. God het geweet dat hulle sou sterk staan. God het hulle aangespoor om slegs te volhard in twee dinge, dit is gebed en geloof, dan is daar niks wat hulle van balans af kon gooi nie. God het hierdie gemeente as Sy kinders toegeëien, en dit is 'n belofte vir ewig. God sou vir altyd by hulle staan.

6. Fokus op wat God doen – Die Here het dieselfde verhouding met ons gemeente Wonderboom. Hy het ons al buite ons sokkies geseën, en loop 'n baie lang pad saam met ons. Die punt is dat ons sal onthou om Hom te bedank vir hierdie seën, en altyd sal volhard in gebed en ons geloof. Ons moet getrou bly aan Sy Woord, en op hierdie belofte staan ons lewe lank.

7. Antwoord met ons lewe – Gesels oor die seëninge wat God al in ons gemeenskap geskenk het, en bedank Hom daarvoor. Vra Hom om ons as gemeenskap net nader aan mekaar te bring, en altyd deur liefde te bind. Maak 'n punt daarvan om aan ander liefde en genade te bewys, en bewus te wees dat dit 'n seëning van God af is.

8. Bid nou saam – Wanneer ons bid, kom ons bedank God opnuut vir ons gemeente. Kom ons prys Hom vir alles wat Hy in ons lewens gedoen het. Ons kan Hom vra om ons verder te lei, en ons sterk te hou. Ons kan Hom bedank vir almal wat deel vorm van ons gemeenskap. Ons kan ook hierdie gebedstyd gebruik om Hom te prys vir Sy groot werke, regdeur die geskiedenis, tot waar ons vandag is.

9. Administrasie – Maak seker van die groep se diensbeurte en ander reëlings van belang. Neem ook kennis van die Kersfeesdiens op 25 Desember om 09:00 en die Oujarsdiens op 31 Desember om 18:30.

Geseënde week vir u verder!